kategese '09

graad 7 - 10

Sondag 11 | 17 Mei

ANDER GODSDIENSTE

Debrief

- Gebruik die tyd om vir iets spesifieks te bid – DANKIE te sê
- Deel iets uit jou eie lewe uit van die afgelope week.

Luister

- Lees saam Hand 19:30-40

Gesprek!

- Vra die kinders om 'n lys te maak van ander godsdienste wat hulle van weet. (Maak seker hulle verstaan die verskil tussen denominasies en godsdienste)
- Laat elkeen bietjie stories vertel oor waar hulle met mense van ander godsdienste te doen gekry het.
- Lees nou die gedeelte saam.
- Ons lees hier die interessante deel waar Paulus in Efese kom. Efese was die hoofstad van die godsdiens wat die godin ARTEMIS aangehang het. Die mense wat ARTEMIS beeldjies gemaak het, was bang dat hulle hul werk gaan verloor as mense Paulus begin glo dat 'n mens nie beeldjies moet aanbid nie.
- Hulle begin toe 'n oproer teen Paulus en wil hom in die amfiteater aanvat!
- Nou lees ons die amptenare van die stad (wat ARTEMIANE was!) was goedgesind teenoor Paulus en wou hom help.
- Verder aan lees ons dat die stadsklerk (ook 'n NIE-CHRISTEN) Paulus help en die skare laat bedaar.
- WAT LEER ONS DUS OOR PAULUS SE VERHOUDING MET PERSONE VAN 'n ANDER GODSDIENS?
- Alhoewel hy by sy eie oortuigings gebly het, kon hy dit so uitleef dat persone van ander gelowe (in hoë posisies) vir hom respek gehad het en selfs hom sou help en bystaan.
- NOU KAN JULLE BIETJIE GESELS OOR DIE POWERPOINT VAN IMMANUEL WAT HY MET JULLE SAL DEURPRAAT
- Ons leef dus ons geloof uit teenoor mense van 'n ander geloof op so 'n manier dat daar wedersydse respek is.
- Ons nooi ook deur ons lewenswyses en getuienis mense in die koninkryk van God in (soos in laasweek se preek oor gepraat is)
- Maar ons los die finale oordeel in God se hande oor ander gelowe se verlossing en vertrou Hom vir Sy geregtigheid en ook genade!

Wrap-up!

- Laat elkeen sê wat hulle vandag vasgemaak het oor ANDER GELOWE
- Laat hulle saam bid vir mense van ander gelowe.